Tjokkie WEEKBLAD

12 Maart 2021 Uitgawe: 5/1/2021

UIT DIE KANTOOR

Beheerliggaamverkiesing:
Graag herinner ek ouers aan ons beheerliggaamverkiesing wat op Woensdag, 17 Maart gaan plaasvind. Nominasies vir kandidate wat hul bereid verklaar om op die beheerliggaam te dien, sluit op Maandag, 15 Maart om 7:30. Geen laat nominasies sal aanvaar word nie. Dit is om voorsiening te maak dat die diensverskaffer betyds die inligting kan verwerk en gereed kry. 'n SMS is gister aan alle ouers as proeflopie uitgestuur om ons ouerrol te toets. As u hierdie sms ontvang het, beteken dit u is geregistreer en sal dus kan stem. Die data is opgedateer na aanleiding van die ouerinligtingsvorms wat u vroeg in Februarie voltooi en teruggestuur het skool toe. Indien u inligting weer verander het, moet die kantoor voor 9:00 op Maandag, 15 Maart geskakel word om die inligting te verander. Die skool het die inligting opgedateer en sal dus nie verantwoordelik gehou kan word vir ouers wat nagelaat het om hierdie vorms terug te stuur nie. Verkeerde inligting sal dus beteken dat u nie sal kan stem nie.

Verkeer in Ross-straat:
Die verkeersvloei in Ross-straat vloei goed as gevolg van die tydelike eenrigting tydens spitstye. Ongelukkig verhoed die verkeerdsdepartement ons om hiermee voort te gaan. Ons is in die proses om 'n skriftelike aansoek in te dien om dit te laat hersien, of om 'n permanente verkeersbeampte aangestel te kry. Tot ons egter nie skriftelik goedkeuring ontvang het nie, word dit vir eers opgeskort. Indien daar 'n ouer is wat met die aansoek behulpsaam kan wees, voel vry om my of die skool te kontak.

HUMOR en INSPIRASIESPASIE…

My suster se man se seuntjie, wat ook my klein nefie Danie is, het verlede naweek met een van my storieboeke gespeel. Tot my onsteltenis het hy bladsye 7; 8; 100; 101; 222 en 223 uitgeskeur.

Hoeveel bladsye het hy uitgeskeur?

A:6 **B:3** **C:7** **D:5** **E:4**

SPORT

Die krieketafrigting vir alle ouderdomsgroepe staak volgende week. Die laaste oefeninge sal dus eerskomende Donderdag, 18 Maart 2021 wees. Die buitemuurse program sal dan 'n interim-rooster vir die res van die eerste kwartaal volg. Hierdie rooster sal volgende week saam met die weekblad uitgaan.

Let ook dat geen ouer of kind gedurende die naweke die terrein mag gebruik sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie.

BELANGRIKE DATUMS

15 Mrt.: Toetsweek begin

BL-verkiesing vir personeel

17 Mrt.: BL-verkiesing vir ouers

26 Mrt.: Gr.1 Inlywing – uitsending via ons *Tjok TV* kanaal (Digi-TV)

Gr.7 JF Opedag (leerders sal inligting ontvang)

KAALVOETKAFEE

Ons ondervind tans baie probleme met die inbetalings op u kind se snoepiekaart. Ons wil ouers tog net weer daarop wys dat elke kind met 'n snoepiekaart die toegewysde kaartnommer in alle kommunikasie met die skool moet gebruik. Dit geld ook vir alle inbetalings. **Die Kaalvoetkafee maak gebruik van FNB as bank terwyl die skool se rekening by ABSA is.** Let dus mooi op in watter rekening u gelde inbetaal. Ouers betaal gelde in verkeerde rekeninge en dit veroorsaak 'n enorme verwarring en administratiewe uitdaging. Help asb. dat ons hierdie probleem doeltreffend kan hanteer.

Groot Kaalvoetkafee Brownie Kompetisie

Die Kaalvoetkafee is op soek na 'n brownie eie aan Tjokkies! Bak 'n pan van jou gunsteling en skryf in vir die Groot Brownie Kompetisie. Die wenner sal voortaan die brownies verskaf aan die Kaalvoetkafee.

Beoordeling vind plaas op grond van die koste, gehalte en smaak. Twee panele (Tjokkie-leerders en Tjokkie-onnies) sal onafhanklik van mekaar bepaal water baksel die beste is. Sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Maart 2021. Inskrywings word aanvaar vannaf 22 Maart. Inskrywingsvorms kan aangevra word by kaalvoetkafee@tjokkies.co.za of stuur 'n Tjokkie om 'n vorm af te haal by die Kaalvoetkafee. Volledige uiteensetting van die vereistes word gestipuleer op die inskrywingsvorm. Ons sien baie uit na die kreatiewe gebak!

Die Kaalvoetkafee kan ongelukkig slegs verkope op die kaartstelsel doen MET 'N FISIESE SNOEPIEKAART. Geen gefotostateerde kaarte of rekeningstate kan gebruik word nie. Vervangingskaarte kan aangevra word @ **beaulah@tjokkies.co.za**

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Baie dankie aan almal wat al aan ons projek deelgeneem het. Hoop elkeen met rosyntjies in die kas en in die tas het al hope meer energie!!

Net ter verduideliking: met Karri-betalings lewer ons tweeweekliks die rosyne:

Betalings: 3-12 Maart (11:00) lewer Maandag 15 Maart

12 Maart (13:00) - 26 Maart (11:00) lewer Dinsdag 30 Maart

26 Maart (13:00) - 9 April (11:00) lewer Dinsdag 13 April

9 April (13:00) - 22 April (11:00) lewer Vrydag 23 April

En so vir elke twee weke tot 30 Junie.

'n SPESIALE DANKIE

Die positiewe terugvoer van elke Gr. 7A-leerder na afloop van die naweek se opleiding, het getuig van 'n uiters suksesvolle ondervinding.

Pieter Jordaan en sy span van Future Smart het die leerders Vrydagmiddag met prettige aktiwiteite geleer wat die belangrikheid van kritiese denke en spanwerk is. Daarna het die ouers by die leerders aangesluit vir 'n gesellige bring-en-braai.

Saterdagoggend het die leerders 'n uitdagende hindernisbaan voltooi. Stefan Lotter van C4 Fitness en sy span kon daarin slaag om die hele klas oor elke hindernis (fisies en emosioneel) te kry! Die leerders het ook geleer dat kommunikasie en beplanning deel uitmaak van goeie spanwerk. Die Tjokkie-Raad het die leuse van ons skool: "Net my beste", werklik gestand gedoen.

Tjokkies bedank elke aandeelhouer wat bygedra het om dit 'n onvergeetlike ondervinding te maak.

Graad 7B se opleiding vind plaas op 7 en 8 Mei 2021 – dagboek solank hierdie datum.

TJOKKIES GEE OM

'n Derdejaar mediese student (oud-Tjokkie) doen 'n gemeenskapsprojek by Tsepo Foundation en moet vir hulle sagte speel-teddies insamel.
As gevolg van Covid mag teddies nie gedeel word nie en wil ons graag vir elke kleuter sy eie teddie laat kry.

Ons mikpunt is 100 teddies.

Ons Tjokkie-leerders wat wil, kan asseblief hul ou teddies waarmee nie meer gespeel word nie, saambring skool toe en in die krat in die voorportaal gooi vir 'n kleuter wat graag 'n troostertjie wil vashou. Laaste dag van ingee is Vrydag, 26 Maart.

VOORTREKKERS

Daar is tans 'n probleem met die lidnommers wat u ontvang het. Ons verskaf spoedig die nuwe lidnommer aan u. U kan slegs aanlyn registreer. Kontak gerus vir Lizette Buys (0824434456) as u hulp verlang met die registrasie.

TJOKKIES SPEEL ROLBAL

Ziggi, ziggi, ziggi

Hi, hi, hi

Ziggi, hi

Ziggi, hi

Ziggi, ziggy, ziggy, hi, hi, hi

Kom ons bou aan ons Tjokkie-gees!!! Sport het die vermoë om mense te verenig en kameraderie te laat ontstaan tussen totale vreemdelinge, bloot omdat hulle in dieselfde skoolgemeenskap belang het.

Kom skryf 'n span in en bou aan ons Tjokkie-familiegees. Ook oop vir besighede om ons skool te ondersteun.

DATUM : 8,15 en 22 April 2021.

TYD : 18:00

Spelers moet al 3 aande speel. Spanne van 4, mans en vroue kan gemeng wees.

KOSTE : R2500.00 per span vir liga, aandetes ingesluit en balle word voorsien.

Lekker pryse te wen!

Vir enige verdere navrae en inskrywing, kontak gerus vir Suzane @ **bemarker@tjokkies.co.za**

FOTO-BESTELLINGS

Baie dankie aan elke ouer wat vroegtydig hul fotobestellings geplaas en betaal het. Ons kon vanjaar elke leerder in die skool afneem wat beteken dat ons nou 'n rekord van almal het. Ons kry egter nou nog heelwat navrae vir bestellings.

Vanuit die kantoor moes ons ongelukkig die foto's afsluit om die fotograaf te betaal.
Indien u nog foto's wil bestel, is u welkom om direk die fotograaf te kontak by 082 329 0873 – Aubrey Hayley.

U kan ook u kind se klasonderwyser kontak om die korrekte fotonommer te kry vir die bestelling.

TJOKKIE VAN DIE WEEK

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot Tjokkie van die week.

VOOR (L.N.R) :

Kihan Brits (Gr. 1)

Liané Heckroodt (Gr. 1)

AGTER (L.N.R) :

Suné van Tonder (Gr. 2)

Wian Pieters (Gr. 2)

Kaylie Kruger (Gr. 3)

Ruan Buys (Gr. 3)

VOOR (L.N.R) :

Jo-Anne du Plessis (Gr. 4)

Enro Rust (Gr. 4)

Nicole van Schalkwyk (Gr. 5)

Ruben Vorster (Gr. 5)

AGTER (L.N.R) :

Ruan van Dyk (Gr. 6)

Corli Liversage (Gr. 6)

Maciej Meyer (Gr. 7)

Minke Labuschagne (Gr. 7)

FACEBOOK

Gaan “like” gerus ons Facebook-blad ***(Primêre Skool Universitas - Tjokkies)*** om meer van die leerders se doen en late te sien.

Hou gerus ook ons Facebook-blad dop vir die bekendstelling van ons eie Tjokkies TV-kanaal ***(TjokTV)*** waarop lewendige uitsendings van sommige geleenthede sal plaasvind.

Die eerste uitsending sal die Gr.1 en nuwe leerder inlywingsfunksie wees en sal plaasvind op 26 Maart 2021 om 10:00.

TjokTV

SNUFFELS